Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 18 JANUARIE 2017 OM 11:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

**1. OPENING**

Rdl O M Stemele open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die komitee is voltallig. Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 13 DESEMBER 2016**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 Desember 2016 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE**

Geen

**6. NUWE SAKE**

6.1/...

**6.1 VOORLEGGING VAN JAARVERSLAG: 2015/2016 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1)**

Die formaat van die jaarverslag word voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 gedateer 26 September 2012, en word voorgelê ingevolge artikel 127(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003.

Die konsep jaarverslag is gedurende Desember 2016 aan die Ouditeur-Generaal voorsien vir kommentaar en die insette wat ontvang is, is reeds bygewerk.

**AANBEVELING** (vir oorweging deur die Raad op 26 Januarie 2017)

(a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2015/2016 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;

(b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 130 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
(i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
(ii) die rig van ‘n uitnodiging aan die publiek om vertoë daaromtrent te rig;
(iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die spesiale raadsvergadering op 23 Maart 2017 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
(iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;

(c) Dat die MPAC in terme van artikel 79(2)(d) van die Strukturewet, 1998 gemagtig word om adviserende lede wat nie lede van die raad is nie te koöpteer, ingesluit die volgende:
- die eksterne finansiële ouditkomitee;
- twee wykskomiteelede om op die prestasie-assesseringspaneel gekoöpteer te word;

(d) Dat lede van die wykskomitees ook ‘n uitnodiging gerig sal word om (1) die MPAC-vergadering op voormelde datum en (2) die spesiale raadsvergadering op 23 Maart 2017 by te woon;

(e) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 23 Maart 2017.

**6.2 GEDEELDE DIENSTE OOREENKOMS MET OMLIGGENDE MUNISIPALITEITE (2/1/3/3)**

Munisipaliteite moet soms weens 'n gebrek aan kapasiteit, toerusting, vloot, personeel en kennis steun op die hulp van omliggende munisipaliteite.

Die doel van die gedeelde dienste ooreenkoms is om 'n raamwerk te voorsien waarbinne ondersteuning tussen munisipaliteite verleen word in terme van sekere diensleweringsareas en om die regte van elke deelnemende munispaliteit te beskerm. Die betrokke munisipaliteite is – Theewaterskloof, Stellenbosch, Drakenstein, Swartland, Overstrand, Breedevallei en Swellendam.

**BESLUIT**

(a) Dat die voorgestelde konsep ooreenkoms aangaande gedeelde dienste soos aangeheg tot die verslag bekragtig word;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die ooreenkoms namens die Munisipaliteit te onderteken;

6.2/...

(c) Dat die Direkteur: Beskermingsdienste aangewys word om die Raad te verteenwoordig op die ter sigte inter-munisipale komitee;

(d) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om:
- te besluit of Swartland moet deelneem aan spesifieke operasies, al dan nie;
- kostes met deelnemende munisipaliteite te onderhandel, sou dit nodig wees.

**6.3 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 OKTOBER TOT 31 DESEMBER 2016 (8/1/B/2)**

Artikel 6(3) van die Voorsieningskanaalbestuursregulasies bepaal dat daar op ‘n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

**BESLUIT**

(a) Dat daar kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid se implementering vir die periode 1 Oktober tot 31 Desember 2016 wat ingevolge artikel 6(3) van die Voorsieningskanaalbestuursregulasies voorgelê moet word, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

(b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die periode 1 Julie tot 31 2016 waar dit onprakties was om die mark te toets en 'n afwyking van die voorkeurverkrygingsprosesse genoodsaak was ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid (Aanhangsel D).

**6.4 EERSTE KONSEP: WYSIGING VAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT SE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (15/1/4/1)**

Die doel van die Swartland Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) is om 'n raamwerk met die nodige beleidsvoorskrifte daar te stel om ruimtelike ontwikkeling op 'n volhoubare en gewenste wyse in die munisipale gebied te bevorder.

Die firma, CK Rumboll en Vennote, is deur die Raad aangestel om die gewysigde ROR op te stel – onder andere – om toe te sien dat die raamwerk voldoen aan nasionale, provinsiale en plaaslike wetgewing, en belyning te bewerkstellig met die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) se strategie en die uitbeelding van die ruimtelike implikasies daarin vervat.

Die voorsitter doen 'n beroep dat elke lid van die publiek erns maak met die ROR, aangesien die raamwerk die basis vorm waarop ontwikkeling in die Swartland gaan plaasvind en 'n ingrale deel vorm van die GOP.

**BESLUIT** (vir oorweging deur die Raad op 26 Januarie 2017)

(a) Dat daar kennis geneem word van die eerste konsep van die gewysigde Swartland Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR);

(b) Dat die Raad goedkeuring verleen om die eerste konsep van die gewysigde ROR te publiseer vir publieke kommentaar ingevolge artikel 7(1)(b) van die Verordeninge insake Munisipale Grondgebruikbeplanning;

(c) Dat die "eerste konsep" van die gewysigde ROR aan die Provinsiale Minister vir kommentaar voorgelê word;

(d) Dat kennis geneem word dat die tydperk van publieke kommentaar gedurende Februarie tot Maart 2017 sal wees, met opedae in meeste van die dorpe in die Swartland munisipale gebied.

**6.5 NUWE STRAATNAME VIR PHOLA PARK FASE 3, MALMESBURY (16/5/6)**

'n Lys is ontvang vanaf die verkose komitee in Phola Park en Ilinge Lethu met voorstelle van die straatname vir Phola Park, Fase 3.

Die voorsitter noem dat uitvoering gegee moet word aan die besluit geneem gedurende November 2016 dat 'n volledige motivering gegee moet word vir die aanvaarding van die voorgestelde straatnaam.

Die voorsitter stel verder voor dat 'n herbenaming van die onderskeie fases in Phola Park oorweeg word, met lg. as 'n oorhoofse naam vir die uitbreiding.

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word om geleentheid aan die verkose komitee in Phola Park en Ilinge Lethu te gee om die voorgestelde straatname te motiveer.

**6.6 VOORGESTELDE VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUDOELEINDES (12/2/5/5-9/2)**

Die Munisipaliteit beskik oor ±17,7 ha grond in Moorreesburg wat tans aan die Koringbedryfmuseum verhuur word vir akkerboudoeleindes.

Die voorstel is dat 'n openbare mededingingsproses weer deurloop word om die grond vir akkerboudoeleindes beskikbaar te stel, hetsy ten behoewe van of aan 'n plaaslik (Moorreesburg)-gebaseerde openbare weldaadsorganisasie, wat met hetsy welsyns-, humanitêre- of kulturele aktiwiteite gemoeid moet wees.

**BESLUIT**

(a) Dat goedkeuring verleen word dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van ‘n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg vir ‘n periode wat nie twaalf maande oorskry nie, met ingang vanaf 1 April 2017;

(b) Dat voorstelle ingewin word op die basis en voorwaardes soos vervat in die konsep kennisgewing in Aanhangsel B tot die verslag;

(c) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om ‘n komitee aan te wys om die voorstelle wat ontvang word te oorweeg en ‘n toekenning te maak in oorlegpleging met die betrokke wyksraadslid;

(d) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste met volmag beklee word om die inhoud van die huurooreenkoms te finaliseer, asook die ondertekening daarvan.

**6.7 AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD: DESEMBER 2016 – BEDRAG WERKLIK AFGESKRYF (5/7/1/1)**

'n Verslag aangaande afskrywing van oninbare skulde was op 13 Desember 2016 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê, en word daar nou gerapporteer aangaande die werklike bedrae afgeskryf.

Rdv M S I Goliath verneem watter prosedure gevolg moet word indien 'n persoon in staat is om agterstallige skuld te betaal, en ook begerig is om vanaf die 'swartlys' verwyder te word. Die Direkteur: Finansiële Dienste verduidelik dat die vonnis dan ter syde gestel moet word by betaling van die agterstallige skuld, maar dat dit 'n vereiste van die landdroshowe is dat alle skuld by krediteure eers vereffen moet wees, waarna die persoon by die Kredietburo kan aansoek doen om naam vanaf 'swartlys' te verwyder.

Besluit/...

6.7/...

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings R806 216.14 beloop en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde R264 038.66 beloop;

(b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat:

(i) 'n huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 5: Deernisondersteuning van die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid); of
(ii) 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van ‘n debiteur nie korrek sou wees nie; of
(iii) enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie;

(c) Dat kennis geneem word dat indien ‘n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. ‘n Register is by die Eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

**6.8 UITSTAANDE DEBITEURE – DESEMBER 2016 (5/7/1/1/MY)**

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die voorsitter noem dat verwarring onder die publiek heers aangaande die koste van elektrisiteit wat deur middel van 'n voorafbetaaltipe-meter en konvensionele meter voorsien word. Die voorsitter versoek dat die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste 'n brosjure opstel met vergelykende tariewe om enige verwarring uit te skakel.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Desember 2016.

**6.9 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 November 2016 soos met die sakelys gesirkuleer.

**6.10 ALGEMENE JAARVERGADERING: AFTREEFONDS: AANWYSING VAN AFGEVAARDIGDES (11/1/2/5)**

Die 20ste Algemene Jaarvergadering van die Gekonsolideerde Aftreefonds word beplan vir Vrydag, 24 Februarie 2017.

Volgens voorskrifte van die fonds, is die Munisipaliteit geregtig om drie afgevaardigdes uit die lede en drie afgevaardigdes uit die raadslede aan te wys.

6.10/...

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word dat mnr J J Scholtz (as sekunde me M S Terblanche), mnr J T Steenkamp (as sekunde me H Balie) en me S de Jongh (as sekunde me C Ranna) genomineer is om die lede te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Gekonsolideerde Aftreefonds op 24 Februarie 2017;

(b) Dat rdl M van Zyl (as sekunde rdl P E Solomons), rdl R F van der Westhuizen (as sekunde rdl O M Stemele) en rdv M S I Goliath (as sekunde rdh T van Essen) genomineer word om die Raad op voormelde vergadering te verteenwoordig.

**6.11 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): OKTOBER – DESEMBER 2016 (7/1/2/2-2)**

Die Uitvoerende Burgemeester moet ingevolge artikel 52(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 verslag doen aangaande die finansiële posisie, asook die finansiële vordering van die Munisipaliteit gemeet teenoor die goedgekeurde begroting vir die 2de kwartaal soos op 31 Desember 2016.

Die Direkteur: Finansiële Dienste behandel die verslag en – met verwysing na die daling van betaling in diensterekeninge vanaf 92.91% tot 88.83% – bevestig dat hernieude pogings deur die Kredietbeheerafdeling gevolg word om betalings in te kry.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem wordvan die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting. sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingsimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Oktober 2016 tot 31 Desember 2016.

**6.12 AANVAARDING VAN VERORDENING INSAKE MUNISIPALE GRONDGEBRUIK-BEPLANNING (1/1)**

Die konsep Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning, waarvan die Skemaregulasies 'n skedule daartoe is, was na voorlegging aan die Raad op 24 November 2016 vir publieke kommentaar ter insae.

Geen kommentaar is vanaf die publiek ontvang nie. Die kommentaar ontvang vanaf Provinsie was reeds vooraf in die konsep verordening geakkommodeer.

**BESLUIT** (vir oorweging deur die Raad op 26 Januarie 2017)

(a) Dat die verordeninge insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning aanvaar word;

(d) Dat die verordeninge in die Provinsiale Koerant afgekondig word vir inwerkingtreding vanaf datum van publikasie in die Provinsiale Koerant.

**6.13 AANBOD OM ERF 10372, MALMESBURY TERUG TE KOOP (12/2/5/4-8/16)**

Erf 10372 was deel van 65 woonerwe in Dalsig wat deur 'n sg. 'pre launch' veiling in Maart 2007 aan eerste kopers te koop aangebied is.

'n Aansoek is vanaf die eienaar van erf 13072 deur prokureurs, Lionel Frank & Seun, ontvang om die Munisipaliteit te versoek om afstand te doen van die voorkoopsreg ingevolge die transportakte.

Besluit/...

6.13/...

**BESLUIT**

(a) Dat die Munisipaliteit, soos ten opsigte van vorige aansoeke, afstand doen van sy voorkoopsreg met betrekking tot erf 10372, Malmesbury, aangesien die eienaar reeds ‘n gewillige koper het daarvoor, en ‘n sterk moontlikheid bestaan dat die erf (met verwysing na die pryse wat tydens die openbare veiling in 2015 behaal is asook die munisipale waardasie op die betrokke eiendom) nie teen die oorspronklike koopprys van R124 000,00 deur die Munisipaliteit herverkoop sal kan word nie;

(b) Dat me Heyneke gevolglik toestemming verleen word om erf 10372, Malmesbury privaat te mag vervreem.

**6.14 2016/2017 TWEEDE AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING: TEGNIESE AANBEVELINGS DEUR DIE BEGROTINGSBEHEERKOMITEE (5/1/1/1-2016/2017; 5/1/1/2-2016/2017)**

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die Begrotingsbeheerkomitee op 17 Januarie 2017 bymekaar gekom het om, saam met die Uitvoerende Burgemeester, die halfjaarlikse prestasie- en begrotingsimplementeringsverslag te bespreek met die oog op die 2016/2017 tweede aansuiweringsbegroting.

Die aansuiwering van die kapitaal- en bedryfsbegroting het ten doel om die doelwitte van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en die Dienslewering- en Begrotings-implementeringsplan (SDBIP) in die betrokke finansiële jaar te verwesenlik.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat dit die eerste jaar is wat die finansiële jaar afgesluit word met 'n begrote surplus, en bedank die Direkteur: Finansiële Dienste en amptenare in die Begrotingskantoor vir die wyse waarop daar met die Raad se finansies omgegaan word.

**BESLUIT**

(a) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die statutêre vereistes van die MFMA en dienooreenkomstig Nasionale en Provinsiale Tesourie inlig;

(b) Dat dit in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2016/2017 finansiële jaar nie, maar sal lei tot ‘n afname in die tekort van -R 12 139 579 na ‘n surplus van R 11 753 115;

(c) Dat dit in ag geneem word dat die 2016/2017 tweede aansuiweringsbegroting 'n impak het op die 2017/2018 finansiële jaar as gevolg van die aanpassing teweeggebring deur die Planning/Refurbishment of the Municipal Flats wat in die finansiële jaar 2017/2018 voltooi sal wees;

(d) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word;

(e) Dat die Dienslewering – en Begroting Implementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word;

(f)/...

7.14/...

(f) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2016/2017 as volg te wysig:

| | **Oorspronklike Begroting 2016/2017** | **Oorrol Aansuiwerings-begroting** | **Tweede Aansuiwerings-begroting** |
|---|---|---|---|
| Kapitaalbegroting | R 74 689 669 | R 75 643 467 | R 81 428 433 |
| Bedryfsuitgawe | R 654 711 941 | R 655 585 750 | R 636 140 909 |
| Bedryfsinkomste | R 641 914 085 | R 643 446 171 | R 647 894 024 |
| Begrote Surplus/ (Tekort) | (R 12 797 856) | (R 12 139 579) | R 11 753 115 |

**(GET) T VAN ESSEN**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**